# HOOFSTUK 1

# ALGEMENE INLEIDING EN UITEENSETTING VAN DIE STUDIE

## 1.1 Inleiding

Die vroeë volwassene benodig spesifieke lewensvaardighede om homself as mens tot sy volle potensiaal te verwesenlik en sy maksimale psigososiale funksionering te bereik. Daar is egter 'n tendens van 'n gebrek aan lewensvaardighede wat die invalshoek van hierdie studie vorm.

Inleidend tot hierdie navorsingstudie, word 'n uiteensetting van die beplanning, struktuur en strategie van die ondersoek gegee.

Hoofstuk 1 fokus op die metodes en prosedures waarvolgens die navorsingstudie uitgevoer is en word dus gewy aan die navorsingsmetodiek. Dit sluit die navorsingsbenadering, soort navorsing, navorsingsontwerp, die prosedures en die werkwyses in. Die probleemstelling, doelstelling en doelwitte word toegelig, die navorsingshipotese word gestel, die populasie en wyse van steekproeftrekking word omskryf, etiese kwessies word uitgelig, hoofkonsepte word omskryf waarna die uitvoerbaarheid en leemtes van die studie aandag geniet.

'n Indeling van die navorsingsverslag aan die einde van hoofstuk 1 sal die daaropvolgende hoofstukke kortliks toelig.

## 1.2 Motivering vir die keuse van die onderwerp

Die vroeë volwassene word gekonfronteer met verskillende behoeftes, probleme en uitdagings, eie en uniek aan die lewensfase waarin die individu

hom bevind. Die verhouding met homself en andere asook die keuses van 'n loopbaan, 'n lewensmaat en effektiewe persoonlike bestuur, staan voorop in die proses wat hy onder die knie moet kry.

Die afgelope veertien jaar is navorser as maatskaplike werker by die Afdeling Studente-ondersteuning (Universiteit van Pretoria), werksaam. Trouens, navorser was die eerste maatskaplike werker wat op die kampus van die Universiteit van Pretoria aangestel is. Vanuit die navorser se maatskaplike-werkpraktykervaring is 'n leemte insake teoreties- en praktykgefundeerde kennis ten opsigte van die vroeë volwasse lewensfase met sy besondere eise en behoeftes geïdentifiseer.

Verder het dit duidelik geblyk dat eksterne faktore op sosiale-, ekonomiese- en politieke terrein 'n al hoe groter vaardigheid van die vroeë volwassene vereis, waaraan nie aandag gegee is nie. 'n Groot aantal vroeë volwassenes het ook nêrens 'n geleentheid gekry om hierdie vaardighede op skool, universiteit of daarna, aan te leer nie. Dit het duidelik geword dat die vroeë volwassene meer as net akademiese vaardighede benodig het en 'n gestruktureerde, effektiewe program vir die aanleer van spesifieke lewens-vaardighede het nie bestaan nie. Na aanleiding van die navorser se prak-tykervaring het so 'n lewensvaardigheidsprogram gestalte begin kry en die behoefte het ontstaan om hierdie program wetenskaplik te toets. Die uitein-delike oogmerk was dus om 'n wetenskaplik gefundeerde lewensvaar-digheidsprogram vir die vroeë volwassene daar te stel.

## 1.3 Probleemformulering

Dit blyk dat die vroeë volwassene 'n toenemende gebrek aan toepaslike lewensvaardighede ervaar. Die vroeë volwassene benodig nie alleenlik akademiese vaardighede nie, maar ook vaardighede in terme van sy eie unieke persoonlike ontwikkeling en funksionering, asook interpersoonlike

vaardighede en strategieë wat hom tot maksimale funksionering ten opsigte van die psigososiale en selfpersepsie kan bemagtig.

Wainwright (1993: 4) bevestig dat die individu dikwels die skool, kollege of universiteit na jare se akademiese studie verlaat, sonder enige of voldoende opleiding en inoefening van lewensvaardighede.

'n Gebrek aan lewensvaardighede beïnvloed die individu as mens negatief en dra by tot 'n lae selfpersepsie, gebrekkige interpersoonlike verhoudings, ongemotiveerdheid, frustrasie, 'n gevoel van onvervulling, ontoereikendheid en 'n onvermoë om die eise van die lewe te hanteer.

Potgieter (1998: 217) bevestig die siening dat 'n gebrek aan lewens-vaardighede die ontwikkeling van bevredigende interpersoonlike verhoudings strem en dat dit die effektiwiteit van rolfunksionering beïnvloed.

'n Gebrek aan toepaslike lewensvaardighede kring ook wyer uit en beïnvloed die vroeë volwassene se keuses, kenmerkend van hierdie spesifieke lewens-fase negatief. Hier word spesifiek verwys na die keuse van 'n beroep of loopbaan, die keuse van 'n lewensmaat, asook die keuse van effektiewe persoonlike bestuur (Vergelyk hoofstuk 2).

Hierdie studie fokus dus op die daarstel van 'n lewensvaardigheidsprogram wat die probleem van gebrekkige lewensvaardighede by die vroeë volwassene kan aanspreek.

## 1.4 Doel van hierdie studie

### 1.4.1 Doelstelling

Die doelstelling van hierdie studie is om 'n lewensvaardigheidsprogram ter bemagtiging van die vroeë volwassene met die oog op verbeterde

selfpersepsie en psigososiale funksionering te ontwikkel, te implementeer en te evalueer.

### 1.4.2 Doelwitte

Die volgende doelwitte is geformuleer ten einde spesifieke doelstellings vir die navorsing te bereik:

- Om vanuit 'n literatuurstudie en teoretiese verwysingsraamwerk die fase, wesenseienskappe, probleme, behoeftes en wyses van bemagtiging van die vroeë volwassene te beskryf.

- Om deur middel van Rothman & Thomas se model, die ontwikkeling van 'n lewensvaardigheidsprogram vir vroeë volwassenes te beskryf.

- Om gefundeer vanuit die literatuurstudie en bewese praktykervaring, 'n lewensvaardigheidsprogram te ontwerp.

- Om die ontwikkelde lewensvaardigheidsprogram empiries te toets.

- Om vanuit die bevindinge van die resultate, gevolgtrekkings en aanbevelings te maak met die oog op die toekomstige toepassing van die lewensvaardigheidsprogram.

## 1.5 Hipotese en subhipoteses van die studie

'n Hipotese word deur Gouws (in Smit, 1985: 17) omskryf as: "'n Tentatiewe aanname of 'n voorlopige verklaring van die verband tussen twee of meer veranderlikes, wat deur eksperimentering of waarneming getoets word".

De Vos (1998a: 116) meld dat die hipotese 'n veronderstelling is wat beide die verband tussen twee of meer veranderlikes, asook die duidelike implikasie vir toetsing van die verband aantoon.

Volgens Neuman (1997: 112) word 'n hipotese gewoonlik op twee maniere geformuleer naamlik om 'n voor die handliggende hipotese te stel, of om 'n nul hipotese te bewys. Kwantitatiewe navorsers maak dikwels van 'n **nul hipotese** gebruik, wat gebaseer word op die logika daarvan en **nie** om 'n hipotese stelling te bevestig nie. Die navorser toets 'n hipotese deur bewyse te vind wat hom sal toelaat om die nul hipotese te aanvaar of te verwerp. "Most people talk about a hypothesis as a way to predict a relationship. The null hypothesis does the opposite. It predicts **no** relationship". Die navorser gebruik die nul hipotese ook met 'n ooreenstemmende alternatiewe hipotese of 'n eksperimentele hipotese. Die alternatiewe hipotese bevestig dat daar wel 'n verband bestaan.

Sommige navorsers beskou die nul hipotese as 'n agterstevoor manier om 'n hipotese te toets. 'n Nul hipotese berus op die aanname dat die navorser poog om 'n verband te ontdek en derhalwe moet die hipotese aan toetsing onderwerp word om die bevinding van 'n verband meer veeleisend te maak.

As die bevindinge die navorser rig om die nul hipotese te aanvaar, kan hy die aanname maak dat die getoetste verband nie bestaan nie. Dit impliseer dat die alternatiewe hipotese vals bewys is. In teenstelling daarmee, kan die navorser bevindinge verkry wat die nul hipotese verwerp (Neuman, 1997: 112). Tydens hierdie studie is daar van die vertrekpunt van die nul hipotese uitgegaan.

Die nul (0) hipotese maak die stelling dat daar **geen** verband bestaan nie, met ander woorde dat die aanbieding van die lewensvaardigheidsprogram **geen** invloed op die vroeë volwassene se selfpersepsie en psigososiale funksionering het nie.

Formeel kan die hipotese soos volg geformuleer word:

Indien die lewensvaardigheidsprogram aan die vroeë volwassene aangebied word, sal dit **geen** invloed op die selfpersepsie en psigososiale funksionering van die individu hê nie.

Die navorsingshipotese wat vir die studie gestel is, is die volgende:

**Indien die lewensvaardigheidsprogram aan die vroeë volwassene aangebied word, sal dit geen invloed op die selfpersepsie en psigo-sosiale funksionering van die individu hê nie.**

Gebaseer op die feit dat selfpersepsie in hierdie studie konseptueel drie konstrukte omsluit naamlik **innerlike sekuriteit, selfbestuur en self-waarde** en psigososiale funksionering konseptueel die volgende 6 konstrukte omsluit, naamlik **bereikingsgerigtheid, tevredenheid en verwagtinge** (positiewe funksioneringsareas) en **frustrasie, spanning en hulpeloosheid** (negatiewe funksioneringsareas), is die volgende subhipoteses geformuleer:

- Indien die lewensvaardigheidsprogram aan die vroeë volwassene aan-gebied word, sal dit geen invloed op die **innerlike sekuriteit** van die individu hê nie.

- Indien die lewensvaardigheidsprogram aan die vroeë volwassene aan-gebied word, sal dit geen invloed op die **selfbestuur** van die individu hê nie.

- Indien die lewensvaardigheidsprogram aan die vroeë volwassene aan-gebied word, sal dit geen invloed op die **selfwaarde** van die individu hê nie.

- Indien die lewensvaardigheidsprogram aan die vroeë volwassene aangebied word, sal dit geen invloed op die **bereikingsgerigtheid** van die individu hê nie.

- Indien die lewensvaardigheidsprogram aan die vroeë volwassene aangebied word, sal dit geen invloed op die **tevredenheid** van die individu hê nie.

- Indien die lewensvaardigheidsprogram aan die vroeë volwassene aangebied word, sal dit geen invloed op die **verwagtinge** van die individu hê nie.

- Indien die lewensvaardigheidsprogram aan die vroeë volwassene aangebied word, sal dit geen invloed op die **frustrasie** van die individu hê nie.

- Indien die lewensvaardigheidsprogram aan die vroeë volwassene aangebied word, sal dit geen invloed op die **spanning** van die individu hê nie.

- Indien die lewensvaardigheidsprogram aan die vroeë volwassene aangebied word, sal dit geen invloed op die **hulpeloosheid** van die individu hê nie.

Die nul (0) hipotese en subhipoteses sal dus in hoofstuk 7 of aanvaar of verwerp word, na gelang van die empiriese bevindinge.

## 1.6 Navorsingsbenadering

Tydens hierdie navorsing is daar van die kwantitatiewe navorsingsbenadering uitgegaan, aangesien die navorser, gebaseer op onderstaande kenmerke van kwantitatiewe navorsing, 'n lewensvaardigheidsprogram vir vroeë volwassenes wetenskaplik wou saamstel en empiries toets.

Die kwantitatiewe benadering se hoofoogmerk is objektiewe meting, die toetsing van hipoteses en om menslike gedrag te voorspel en te beheer.

Die vernaamste kenmerke van 'n kwantitatiewe navorsingsbenadering kan soos volg geformuleer word:

- 'n Kwantitatiewe navorsingsbenadering gebruik 'n deduktiewe vorm van beredenering. Data word ingesamel om vooropgestelde modelle, hipoteses en teorieë te assesseer.

- Kwantitatiewe navorsingsbenadering gebruik 'n bepaalde perspektief vir die inwin van inligting, aangesien die betekenis daarvan deur die navorser bepaal word.

- Hierdie navorsingsbenadering poog om objektief te meet, om hipoteses te toets en om menslike gedrag te voorspel en te kontroleer.

- Realiteit word as doelwit of oogmerk gesien.

- 'n Kwantitatiewe navorsingsbenadering toets hipoteses wat die navorser aanvanklik mee begin.

- Die konsepte van die kwantitatiewe benadering is in die vorm van onderskeibare veranderlikes.

- Die benadering poog om fenomene te beheer.

- Waarneming geskied sistematies op 'n gestandaardiseerde wyse.

- Data word weergegee deur middel van presiese getalle wat ingewin is deur presiese meting.

- Die navorsingsontwerp is gestandaardiseer volgens 'n vaste prosedure en kan herhaal word.

- Data analise word onderneem volgens 'n gestandaardiseerde statistiese prosedure.

- Die eenheid van analise is veranderlikes wat dele van die geheel vorm (De Vos, 1998a: 242).

Al bogenoemde eienskappe is van toepassing op hierdie betrokke studie.

## 1.7 Soort navorsing

Die soort navorsing wat in hierdie studie gebruik is, is toegepaste navorsing. Toegepaste navorsing spreek die onmiddellike probleme aan wat die professionele persoon in die praktyk ervaar (Arkava & Lane, 1983: 12). Die doel van toegepaste navorsing is om die probleme waarmee daar in aanraking gekom word, op te los. Hornick en Burrows (1998: 400) meld dat navorsing toegepaste navorsing is wanneer die resultate direk sal help om die probleem of situasie wat nagevors is, te verbeter.


Fouché en De Vos (1998a: 69) gebruik die term "intervensienavorsing" as 'n vorm van toegepaste navorsing. Intervensienavorsing behels die ontwikkeling van 'n program, die aanbieding van die program (intervensie) en die evaluering van die effektiwiteit van die intervensie. Binne die konteks van toegepaste navorsing, is intervensienavorsing dus die mees toepaslike vir hiérdie navorsing.

Intervensienavorsing is dus 'n nuwe opwindende soort navorsing in die helpende professies wat 'n bydrae lewer tot die skakeling tussen navorsing en die praktyk (Fouché & De Vos, 1998a: 69).

Fouché & De Vos (1998a: 69) beskryf drie hooftipes intervensienavorsing:

- Empiriese navorsing met die doel om kennis van menslike gedrag met betrekking tot menslike hulpintervensie te vermeerder–intervensie kennis ontwikkeling (KD–knowledge development).
- Die bevindings van intervensie kennis ontwikkelingsnavorsing kan in praktiese toepassing benut word – intervensie kennis benutting toepassing (KU – knowledge utilization).
- Navorsing gerig op die ontwikkeling van innoverende intervensie – intervensie ontwerp en ontwikkeling (D & D – design and development).

Intervensie navorsing soos deur Rothman en Thomas gekonseptualiseer, kan onderskei word in drie submodelle van intervensienavorsing en word as volg deur Rothman en Thomas (1994: 5) skematies voorgestel:



**Figuur 1: Intervensienavorsing (Rothman & Thomas, 1994: 5)**

Rothman en Thomas (1994: 4-6) stem saam dat ontwikkelingsnavorsing onder laasgenoemde submodel resorteer, naamlik intervensie ontwerp en ontwikkeling deur soos volg te konstateer: "D & D is a process that is systematic, deliberate, and immersed in research procedures, techniques and other instrumentalities. In its aim to produce workable human service technology, rather than generalizable knowledge per se (although it may achieve the latter), the methods of D & D are more akin to the field of engineering than to the traditional behavioral sciences".

Die ontwikkeling van die lewensvaardigheidsprogram vir vroeë volwassenes, word as 'n hulpmiddel in die hulpverleningsproses, aan die hand van Rothman en Thomas se proses van intervensie ontwerp en die ontwikkelingsmodel hanteer.

Volgens De Vos (1998b: 385) word hierdie proses in ses fases verdeel. Tydens die eerste fase (probleemanalise en projekbeplanning), word die aard en omvang van die probleem asook tekortkominge in intervensiemetodes waardeur die problematiese toestand aangespreek of gekonfronteer kan word, onderskei. In die tweede fase (insameling en sintese van inligting) word inligting versamel, terwyl die derde fase fokus op die keuse van 'n geskikte navorsingsontwerp. Tydens die vierde fase word die vroeë ontwikkeling van die program gedoen, wat opgevolg word deur die vooronderseok. Tydens die vooronderseok word die effektiwiteit van die ontwikkelde program getoets sodat veranderinge en verbeteringe voor die aanvang van die hoofondersoek aangebring kan word. Die vyfde fase (evaluering en gevorderde ontwikkeling) is daarop gerig om inligting as 'n integrale deel van die navorsings-innovasieproses voort te bring. Evaluasie volg op ontwikkeling en dra by tot verdere ontwikkeling en ontwerp soos nodig. Dit loop eindelik op aanvaarding en algemene gebruik van die produk uit. Fase ses behels die verspreiding van die navorsingsproduk.

Hierdie proses, soos van toepassing op hierdie studie, word volledig in hoofstuk 4 bespreek.

Navorser het dus tydens hierdie studie van intervensienavorsing gebruik gemaak, wat 'n opwindende ervaring was en wat baie effektief in die ontwikkeling, implementering en evaluering van die lewensvaardigheids-program vir die vroeë volwassene aangewend kon word.

## 1.8 Navorsingsontwerp

Die navorsingsontwerp is die plan, struktuur en strategie van die navorsings-ondersoek (Bless & Higson–Smith, 1995: 46; Leedy, 1993: 125; Dooley, 1990: 62).

Die doel van die navorsingsontwerp is om die uitvoering van die navorsingsdoel in lyn te bring met bepaalde praktiese oorwegings en beperkinge. Die ontwerp impliseer dus beplanning en daarom beskou Mouton en Marais (1991: 34) die navorsingsontwerp as die plan of bloudruk wat 'n raamwerk voorsien waarvolgens data ingesamel en navorsingshipotese ondersoek kan word.

De Vos (1995: 15) dui die volgende stappe in die proses van die keuse van 'n navorsingsontwerp aan:

- Definiëring van die navorsingsvraag.

- Insameling van basiese inligting rakende, die wyse waarop vorige studies uitgevoer is en watter navorsingsmetodologie gebruik is.

- Insameling van inligting ten opsigte van die navorsingskonteks, met inag-neming van die organisasie, die kliënte en etiese aspekte.

- Samestelling van 'n lys van alternatiewe ontwerpe.
- Bestudering van praktiese oorwegings van die studie soos koste, personeel en navorsingsfasiliteite.
- Die neem van 'n besluit oor 'n geskikte ontwerp.
- Keuse oor die strategie ten opsigte van die insameling van data.
- Versekering van gepaste implementering.
- Die oorweging van die voordele en nadele van die ontwerp.

Samevattend beskou navorser die navorsingsontwerp as die raamwerk wat struktuur aan die navorsing gee en waarin sekere strategieë of werkwyses verskaf word om te verseker dat die navorsing effektief en suksesvol uitgevoer word.

Vir doeleindes van hierdie navorsingstudie, het die navorser gebruik gemaak van die kwasi-eksperimentele eengroep-voortoets-natoets ontwerp.

Volgens Fouché en De Vos (1998b: 129) bestaan hierdie ontwerp daaruit dat die afhanklike veranderlike (01) eerstens voor blootstelling aan die onafhanklike veranderlike (X) (die lewensvaardigheidsprogram), met behulp van 'n meetinstrument gemeet word.

As tweede stap word die onafhanklike veranderlike, die lewensvaardigheidsprogram (X) toegepas waarna derdens 'n verdere meting van die afhanklike veranderlike (02) geneem word. Daarna word die verskillende metings (01 en 02) vergelyk.

Die voortoets van die afhanklike veranderlike word as basis vir die vergelyking van die natoets gebruik (Fouché & De Vos, 1998b: 130). Die resultate van die voor- en natoets word dus met mekaar vergelyk om die impak van die intervensie te bepaal. In die konteks van hierdie studie het die navorser deurgaans ook bewus gebly van tussen veranderlikes soos geslag, ouderdom en vlakke van psigososiale ontwikkeling wat 'n moontlike invloed op resultate kon hê.

Navorser het dus tydens hierdie studie van die kwasi-eksperimentele eengroep- voortoets-natoets ontwerp gebruik gemaak ten einde te bepaal of die lewensvaardigheidsprogram (intervensie) suksesvol was in die bemagtiging van die vroeë volwassene ten opsigte van 'n verbeterde selfpersepsie en psigososiale funksionering.

## 1.9 Navorsingsprosedures en werkwyses

Navorser het van navorsing onder gekontroleerde omstandighede gebruik gemaak deurdat inherente kenmerke van individue onder gekontroleerde omstandighede gemeet is. Die werkswyse wat gevolg is, is dié van veldopname. Binne die veldopname kan van persoonlike onderhoude, vraelyste of gekontroleerde waarneming gebruik gemaak word. Ten einde geldige en betroubare data in te samel is daar tydens hierdie studie van gestandaardiseerde meetinstrumente gebruik gemaak. Die inhoud, besonderhede en toepassing van die **Self-persepsieskaal** (SPS) asook die **Psigososiale Funksionering Inventaris** (PFI) word breedvoerig in hoofstuk 6 bespreek.

## 1.10 Voorondersoek

### 1.10.1 Literatuurstudie

Navorser het plaaslike, sowel as internasionale literatuur bestudeer ten einde meer kennis op te doen oor die definiëring, die fundamentele kenmerke en behoeftes van die vroeë volwassene, spesifieke lewenstake wat die individu

tydens hierdie lewensfase moet bemeester, asook die bemagtigingsproses strategieë en instaatstellende aktiwiteite wat die individu tot optimale psigo-sosiale ontwikkeling laat ontwikkel.

### 1.10.2 Konsultasie met kundiges

Spesialis kennis van persone met ervaring rakende die navorsingstudie, is ingewin.

Die volgende persone is geraadpleeg:

- Dr. R E Moraka, voorheen hoof van Studente-ondersteuning en tans studentedekaan van die Universiteit van Pretoria.

- Prof. C D Jacobs, huidige hoof van Studente-ondersteuning aan die Universiteit van Pretoria en voorheen hoof van die studente ondersteuningsdienste te Stellenbosch.

- Prof. P Cilliers, senior lektor, Afdeling Elektroniese Ingenieurswese, Universiteit van Pretoria, vanweë sy belangstelling in en monitering van studente se vordering in hierdie afdeling.

- Dr. A De Jager, hoof - Forum for Councelling, Health & Welfare, University of Port Elizabeth.

- 'n Studiereis is in 1995 onderneem na die Vrije Universiteite van Amsterdam en Brussels. Inligting wat tydens hierdie besoek bekom is, is deur navorser in die MA studie, wat hierdie navorsing voorafgegaan het, gebruik. Tydens hierdie studie kon die inligting wat tydens 1995 reeds bekom is, benut word aangesien kontak per E-pos met hierdie kenners behou is (Vergelyk Nolte, 1995: 45-50).

Hierdie internasionale kenners is:

- Mnr. T Marcelis, Sosiale Koördinator Studentedienste aan die Vrije Universiteit van Brussels.

- Mej. N Groot, Maatskaplike werker Vormingsentrum: Vrije Universiteit van Amsterdam.

- Dr. F Pijpers, Senior maatskaplike werker: Vrije Universiteit van Amsterdam.

- Prof. P Ernsting, Studente dekaan: Vrije Universiteit van Amsterdam.

### 1.10.3 Uitvoerbaarheid van die ondersoek

Die studie het deel gevorm van navorser se werksaamhede as maatskaplike werker by die Afdeling Studente-ondersteuning, Universiteit van Pretoria.

Soos wat vroeë volwassenes by die Afdeling Studente-ondersteuning aangemeld het, is respondente in die ouderdomsgroep 18–25 jaar geïdentifiseer. Toestemming tot hierdie werkwyse is van Prof. C D Jacobs (Hoof Studente-ondersteuning) en Dr. R E Moraka, vorige hoof van Studente-ondersteuning en tans Studentedekaan, verkry.

Nadat die respondente geïdentifiseer is, is elke respondent ingelig oor die doel van die studie. Ingeligte toestemming is van elke respondent verkry, nadat die individu hom bereid verklaar het om aan die navorsingstudie deel te neem.

Die studie was dus in terme van koste, tyd en praktiese oorwegings relatief maklik uitvoerbaar en het die ondersteuning van die Universiteit van Pretoria geniet.

### 1.10.4 Die toetsing van die intervensieprogram

Volgens De Vos (1998b: 395) word die effektiwiteit van die intervensie tydens die voorondersoek bepaal ("pilot testing"). Dit vind voor die hoofondersoek plaas en die proses behels dat innoverende intervensie op 'n proefbasis geïmplementeer word. Die meetinstrument en intervensie word dus vervolgens gedurende die voorondersoek getoets ten einde akkuraatheid te bepaal. Herontwerp van die meetinstrument en intervensie kan dus aangepas word indien dit nodig blyk te wees.

Tydens die voorondersoek van hierdie studie is die intervensieprogram vir die eerste keer oor twee agtereenvolgende dae uitgevoer, met ander woorde die voortoets–intervensie–natoets binne twee dae. Die effek van die intervensie op 3 respondente was laag. Aangesien die navorser se studie deur jare van praktykervaring gerugsteun was, is aanvaar dat vaardighede ingeoefen en geïnternaliseer moes word. Die eerste voorondersoek het aangedui dat die proses van inoefening en internalisering nie effektief genoeg in twee agtereenvolgende dae kon geskied nie. 'n Tweede voorondersoek met 3 ander respondente is uitgevoer. Hierdie voorondersoek het oor 6 sessies van 2 ure elk oor 6 opeenvolgende weke gestrek. Hierdie prosedure het betekenisvolle resultate tot gevolg gehad wat dus meegebring het dat die werkswyse van die hoofintervensie aangepas is.

## 1.11 Omskrywing van universum, populasie afbakening van die steekproef en wyse van steekproefneming

In die literatuur word daar tussen universum en populasie onderskei.

Volgens (Arkava & Lane, 1983: 27) verwys universum na **alle** potensiële respondente wat 'n bydrae kan lewer. Populasie is 'n term wat **grense** aan die studie eenheid stel. Dit verwys na die individu in die breë universum wat oor sekere spesifieke eienskappe beskik (Strydom & De Vos, 1998b: 190).

Seaberg (1988: 240) definieer populasie as die totale eenheid waaruit die individu gekies word. 'n Populasie is die totaliteit van individue, gebeure, organisatoriese eenhede, gevallestudies of ander steekproefeenhede waaroor die navorsingsprobleem handel.

Die totale studentegemeenskap aan die Universiteit van Pretoria, tussen die ouderdom 18–25 jaar oud, kan dus volgens die navorser as die universum beskou word, terwyl die vroeë volwassene wat met sekere psigososiale probleme by die Afdeling Studente-ondersteuning aan die Universiteit van Pretoria aanmeld, die populasie verteenwoordig.

Die populasie van die onderhawige studie was dus die ingeskrewe studente aan die Universiteit van Pretoria, tussen die ouderdom 18–25 jaar, wat met psigo-sosiale probleme en behoeftes by die ondersteuningsdienste aan die Universiteit van Pretoria, genaamd die Afdeling Studente-ondersteuning, kom aanmeld het. Alle studente van die Universiteit kon dus nie deel vorm van die studie nie aangesien die totale groep studente op kampus nie by die Afdeling Studente-ondersteuning betrek kon word nie.

Uit dié totale groep studente wat kom aanmeld het, is daar dus van doelgerigte steekproeftrekking gebruik gemaak om 'n respondente groep, gebaseer op spesifieke kriteria saam te stel.

Doelgerigte steekproeftrekking berus totaal op die oordeel van die navorser. Met doelgerigte steekproeftrekking word respondente geselekteer wat oor kenmerkende, verteenwoordigende eienskappe van die betrokke populasie beskik (Strydom & De Vos, 1998b: 198).

Twee en veertig respondente is dus aan die hand van die volgende kriteria geselekteer:

- Individue tussen die ouderdom 18–25 jaar.
- Individue wat met psigososiale probleme en behoeftes gepresenteer het.
- Individue wat hulleself bereid verklaar het om 'n lewensvaardigheidsprogram oor ses weke te deurloop wat gestrek het tussen Mei tot Augustus 2001.

Uit die 42 respondente, was 30,95% tussen die ouderdom 18–19 jaar, terwyl 47,62% tussen die ouderdom 20–22 jaar was en 21,43% 23 tot 25 jaar oud was. Albei geslagte is verteenwoordig uit beide die Afrikaans- en Engelssprekende taalvoorkeur. Biografiese inligting word volledig in hoofstuk 7 weergegee.

## 1.12 Etiese kwessies

Tydens elke navorsingstudie is die inagneming van etiese kwessies altyd van kardinale belang, veral wanneer mense die onderwerp van studie is. Die mens as studie impliseer eie unieke probleme wat nie altyd relevant by die suiwer kliniese laboratoriese opset van die natuurwetenskappe is nie (De Vos, 1998: 23).

Die etiese uitvoering van die navorsing berus uitsluitlik by die navorser (Strydom in De Vos, 1998b: 23-34). Die studie behoort volgens sekere geïdentifiseerde etiese riglyne en beginsels uitgevoer te word en die navorser behoort dit as deel van sy persoonlike funksionering te inkorporeer.

Bogenoemde skrywer identifiseer sekere etiese aspekte wat vervolgens bespreek sal word:

### 1.12.1 Skade aan eksperimentele respondente

Een van die voordele van die aanbied van 'n lewensvaardigheidsprogram, is dat die respondente daarby baat kan vind.

Geen waarborg kan gelewer word dat alle respondente te alle tye baat by 'n intervensieprogram sal vind nie. Dit is die verantwoordelikheid van die navorser om hierdie aspek te monitor en indien nodig die respondent vir terapie te verwys.

Daar kan egter met sekerheid gestel word dat geen respondent skade gely het as gevolg van deelname aan die studie nie. Respondente is ook vooraf volledig ingelig oor die beplande werkwyse en kon hulle te enige tyd aan die proses onttrek. Van die respondente is wel vir individuele verdere terapie verwys.

### 1.12.2 Ingeligte toestemming

Dit is belangrik om die toestemming van respondente vir die navorsingstudie te verkry. Volgens Strydom (1998a: 25) beteken ingeligte toestemming dat alle moontlike, gepaste inligting aangaande die doel van die navorsingstudie, die prosedures wat gevolg gaan word, die moontlike voordele en nadele daaraan verbonde en die gevare waaraan die respondente blootgestel mag word, aan hulle oorgedra word. Die kredietwaardigheid of integriteit van die navorser kan ook aan die moontlike respondente of regsverteenwoordigers, oorgedra word. Respondente kan dan 'n ingeligte besluit oor hulle deelname maak.

Met die aanvang van die studie, het die navorser alle respondente se persoonlike toestemming tot deelname ontvang en prosedures is breedvoerig

aan hulle verduidelik. Die handhawing van anonimiteit en vertroulikheid is ook deur die navorser beklemtoon.

### 1.12.3 Misleiding van respondente

Respondente is op geen stadium doelbewus deur die navorser mislei nie en was te alle tye bewus van die proses waardeur beweeg word. Na afloop van die studie is elke respondent se persoonlike groei en vordering met hom bespreek.

### 1.12.4 Skending van privaatheid

Aangesien daar tydens hierdie studie op moontlike sensitiewe aspekte gefokus is, is daarop gelet dat die privaatheid van die respondente nie geskend is nie. Die reg tot selfdeterminasie en vertroulikheid, is dus eerbiedig. Alle inligting is vertroulik behandel. Die feit dat die respondente deel van 'n klein groep was, het beteken dat hulle heg met mekaar gebind en dus veilig gevoel het.

Elke respondent het 'n vryheid van keuse gehad of sy naam op die vraelys mag verskyn. Geen openbaarmakende identifiserende inligting is in die navorsingsverslag weergegee nie. Al twee en veertig respondente het hulle goedkeuring aan die prosedure gegee.

### 1.12.5 Handelinge en bevoegdheid van navorser

Die navorser wat hierdie studie uitgevoer het, beskik oor kennis van die navorsingsproses, die vroeë volwassene, asook professionele maatskaplikewerk metodes.

'n MA (Maatskaplikewerk) studie en twee doktorale tentamens is suksesvol voltooi. Nie alleen is die navorser die maatskaplike werker wat die behoeftes

b15407457
116003943

en probleme van studente op kampus hanteer nie, maar ook praktykleier vir vierdejaar maatskaplikewerkstudente by die Departement Maatskaplike werk aan die Universiteit van Pretoria.

Alhoewel geen persoon hom as 'n totale kundige op 'n gebied kan uitgee nie, is alle moontlike stappe geneem om die betrokke program so volledig, kundig en sinvol moontlik te ontwikkel en aan te bied. Objektiwiteit is te alle tye as prioriteit beskou.

#### 1.12.6 Vrystelling en publikasie van bevindinge

Die navorsingsverslag is so objektief en akkuraat as moontlik geskryf, terwyl eerlikheid ten opsigte van die uitvoering van die navorsingsproses en die resultate hoog aangeskryf is. Die finale navorsingsresultate is aan alle respondente gekommunikeer.

#### 1.12.7 Herstel van respondente

Respondente is aan geen negatiewe ervarings onderwerp nie. Die opvolg-onderhoude na afloop van die studie het die respondente op hulle gemak gestel en 'n ontladingsproses kon plaasvind.

Uit bogenoemde blyk dit dus dat daar verseker is dat aan die etiese verwagtinge en beginsels ten opsigte van navorsing met mense voldoen is.

### 1.13 Definisies van hoofkonsepte

#### 1.13.1 Vroeë volwassene

Dit blyk uit die beredenering van vroeë volwassenheid as lewensfase, dat daar geen duidelike definiëring van die term vroeë volwassenheid bestaan

nie, wat gevolglik meegebring het dat die navorser die term self moes omskryf.

Die vroeë volwassene is ongeveer tussen die ouderdom van agtien en vyf en twintig jaar oud. Hierdie lewensjare verteenwoordig meestal die tydperk waarin die individu sy skoolloopbaan voltooi of amper voltooi het, en na 'n tersiêre inrigting, of na die ope arbeidsmark beweeg.

Vir die doeleindes van hierdie studie is die vroeë volwassene min of meer in dié ouderdomskategorie geplaas. Die ouderdomspektrum van die vroeë volwassene kan egter nie rigied neergepen word nie, aangesien verskillende kulture en bevolkingsgroepe andersoortige betekenis aan die term vroeë volwassenheid en sekere ontwikkelingsfases kan heg.

Die individu is gedurende hierdie tydperk besig met 'n "uitsorteer proses" op pad na volwassenheid. Die vestiging van 'n unieke, selfpersepsie en die vestiging van interpersoonlike verhoudings staan op die voorgrond. Vroeë volwassenheid is 'n dinamiese lewensfase met transisie as kenmerk wat eindig as die individu se beroeps-, opvoedkundige-, seksuele-, sosiale- en ideologiese verpligtinge in 'n groot mate bemeester is.

Naas die vorming van 'n selfpersepsie en kerngesonde interpersoonlike verhoudings, word vroeë volwassenheid gekenmerk deur besluitneming insake lewensbelangrike keuses soos dié van 'n loopbaan, 'n lewensmaat en effektiewe persoonlike bestuur.

### 1.13.2 Bemagtiging

Jack (1995: 17) konstateer dat bemagtiging 'n paradoksale aksie is wat na twee verskillende aktiwiteite verwys te wete die ontwikkeling en stimulering van 'n persoon se vermoëns, asook die poging om mag en kontrole te neem.

Potgieter (1998: 216) soos ook deur navorser onderskryf, definieer bemagtiging as 'n selfhelp aktiwiteit wat enersyds die neem van beheer en andersyds die aanvulling van instaatstellende aktiwiteite en strategieë insluit.

Die professionele begeleier of helper beskik nie oor mag nie, maar skep die klimaat, verhouding, hulpbronne en prosedures om lewensvaardighede te ontwikkel wat die individu dan kan benut om beheer van sy lewe te neem en lewensvaardighede tot sy volle selfverwesenliking positiewe selfpersepsie en maksimale psigososiale funksionering te bestuur.

### 1.13.3 Lewensvaardighede

Vaardighede word deur die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike werk (1995: 65) beskryf as die vermoë om kennis en waardes doelmatig en geredelik in die uitvoering of verrigting van 'n bepaalde taak aan te wend.

Lewensvaardighede word deur die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike werk (1995: 36) beskryf as die vermoë van die individu om lewenseise en die mens-omgewingwisselwerking suksesvol te hanteer met die oog op behoeftebevrediging, uitlewing van **waardes** en die bereiking van 'n toereikende vlak van **maatskaplike funksionering** in bepaalde **lewensfases** en omstandighede.

Pinderhuges (1983: 136) definieer lewensvaardighede as daardie vaardighede wat die individu elke dag tydens interaksie met ander persone aanwend ten einde suksesvol in die gemeenskap te funksioneer en om tot sy volle potensiaal te ontwikkel.

Lewensvaardighede word deur die navorser gedefinieer as die vermoë om kennis, waardes en strategieë (wyses van optrede) doelmatig en geredelik te internaliseer (integreer) ten einde die dag-tot-dag take suksesvol uit te voer, verhoudings op alle vlakke te vestig, effektiewe lewenskeuses te maak en

instaatstellende strategieë en aksies te implementeer ten einde sy volle potensiaal as individu te bereik en 'n maksimale vlak van psigososiale funksionering en positiewe selfpersepsie in bepaalde lewensfases en omstandighede te bereik.

### 1.13.4 Lewensvaardigheidsprogram

'n Lewensvaardigheidsprogram kan gedefinieer word as 'n instrument waartoe die individu bemagtig of instaatgestel word om:

- Spesifieke kennis op te doen.
- Waardes te vorm.
- Strategieë en instaatstellende aktiwiteite in te oefen.
- Vaardighede in te oefen.
- Sy volle potensiaal te ontwikkel.
- Maksimale vlak van psigososiale funksionering te bereik en
- 'n Positiewe selfpersepsie te vestig

### 1.13.5 Selfpersepsie

Talle beskrywings en definisies bestaan ten opsigte van die individu se self en die uitdrukking daarvan.

Skrywers verwys na verskillende terme om die self van die individu te beskryf. Daar word in die literatuur verwys na onder andere, selfidentiteit, selfkonsep en selfbeeld.

Soos die individu deur verskillende lewensstadia beweeg, verander die selfkonsep met betrekking tot liggaamlike, psigiese en sosiale eienskappe. 'n Swak omlynde selfkonsep belemmer selfevaluering en doeltreffende funksionering (Louw, 1990: 513).

Louw (1990: 513) voeg verder by dat 'n positiewe selfkonsep, wat op 'n realistiese selfbeoordeling berus, aanpassing en ontwikkeling bevorder. 'n Negatiewe selfkonsep daarenteen, wat berus op 'n eensydige waarneming van net die tekortkominge van die individu, staan in die pad van ontwikkeling.

Meyer, Moore en Viljoen (1988: 397) konstateer dat die selfkonsep van die individu se siening van homself verwys. Selfkonsep word gedefinieer as 'n georganiseerde konstante konseptuele gestalt wat bestaan uit waarnemings van eienskappe van die "ek" of "my" in die verhouding tot andere en verskeie aspekte van die lewe, tesame met die waardes wat aan hierdie waarneming geheg word.

Yardley en Honess (1987: 53) konstateer voorts dat om 'n selfkonsep te hê, impliseer dat die individu 'n aspek van die "persoon" moes bemeester het. Bogenoemde skrywers voeg by dat die inhoud van ander individue se opinie tot 'n mindere mate relevant is as die individu se eie konsep van die self en sy persepsie van hierdie opinies (Yardley & Honess, 1987: 234).

Die ervarings van selfidentiteit en eie waarde word gedifferensieer in 'n beeld van 'n individu se eienskappe en 'n evaluering van die eienskappe.

Drie soorte selfbeelde kan onderskei word naamlik 'n beeld van die individu soos hy is, 'n beeld soos die individu behoort te wees en 'n beeld van hoe die individu graag sou wil wees. Onafhanklik daarvan of sy selfbeeld realisties is of nie, evalueer die individu homself gedurig aan die hand van verskeie maatstawwe wat kan wissel van die oordeel van ander individue, tot wyd

verspreide kulturele waardes soos godsdienstige stelsels en eie oortuigings (Meyer, Moore & Viljoen, 1988: 363).

Die proses van die vorming en vestiging van die selfpersepsie word in hierdie navorsingstudie as 'n fundamentele lewensvaardigheid van die vroeë volwassene beskryf.

Die term selfpersepsie word vir die doeleindes van hierdie studie soos volg omskryf.

Selfpersepsie verwys na die individu se aanvaarding van homself en tot watter mate andere hom aanvaar. 'n Positiewe selfpersepsie impliseer dat die individu 'n realistiese siening van sy kragte en swakhede het en dat die individu 'n gevoel van behorendheid of innerlike sekuriteit beleef.

Selfpersepsie omsluit die element van selfbestuur wat verwys na die mate van bekwaamheid van die individu om sekere take uit te voer en 'n realistiese evaluering hiervan.

Die term behels ook die voorraadopname wat die individu in terme van eie sy suksesse en mislukkings maak, omvat die behoefte om êrens te behoort en die doel vir sy aardse bestaan (Perspektief Opleidingskollege: Selfpersepsieskaal 2000). Die konstrukte wat die selfpersepsie omsluit is **innerlike sekuriteit**, **selfbestuur** en **selfwaarde**.

### 1.13.6 Psigososiale funksionering

Verskeie skrywers verwys vervolgens ook na die terme optimale ontwikkeling, selfaktualisering en funksionering en beskryf die terme vanuit hulle eie invalshoek.

Maslow (1962) soos aangehaal in Louw ( 1990: 98) onderskei tussen laevlak- en hoëvlakbehoeftes en meen 'n optimaal ontwikkelde persoon is 'n individu wat op die hoogste vlak funksioneer, wat Maslow ook as selfaktualisering noem.

Rogers (1961) in Louw (1990: 98) meen dat 'n persoon slegs tot 'n ten volle funksionerende persoon kan ontwikkel wanneer hy onvoorwaardelike waardering ontvang.

Allport (1961) en Frankl (1964) meen 'n persoon kan optimaal funksioneer ten spyte van 'n gebrek aan behoeftebevrediging en aanvaarding. Die individu beskik oor die vryheid om sy eie doelstellings te formuleer en dus ook om na perfeksie te strewe.

Frankl meen dat 'n basiese behoefte by die mens is om na sin en betekenis te soek.

Psigososiale ontwikkeling (Louw, 1990: 157) beteken 'n tydperk van vinnige verandering. Die individu begin toenemend minder hulpeloos en afhanklik word en word meer onafhanklik namate ryping intree. Liggaamlike verandering, sowel as sosiale en psigologiese verandering is prominent (Vergelyk ook hoofstuk 2). Die kontras in die ontwikkeling van die individu aan die einde van die periode in vergelyking met die begin, is dramaties.

Erikson (1950) soos na verwys word in Louw (1990: 157) is van mening dat die grondslag van psigososiale ontwikkeling in die eerste twee jaar geleer word.

Psigososiale ontwikkeling is die tyd wanneer die individu verskille die eerste keer kan waarneem. Veral die uniekheid, gedragspatrone en temperament (Louw, 1990: 158).

Sosialisering is 'n belangrike komponent van psigososiale ontwikkeling. Dit geskied wanneer die individu aan die morele standaarde, vol verwagtinge en eise vir aanvaarbare gedrag van die betrokke samelewing te voldoen (Louw, 1990: 158).

Die term psigososiale ontwikkeling kan volgens navorser as wisselterm vir maatskaplike funksionering gebruik word wat gedefinieer word as die geheel van 'n individu se rolvervulling op alle bestaansvlakke in wisselwerking met ander individue, gesinne, groepe gemeenskappe of situasies (Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike werk, 1995: 37).

Maksimale of optimale psigososiale ontwikkeling word deur Louw (1990: 9) beskryf as selfaktualisering. Die volgende eienskappe van optimale ontwikkeling word deur Louw (1990: 97) geïdentifiseer:

- Die individu neem die werklikheid en veral die sosiale omgewing realisties waar.

- Die individu is in staat om eie swakhede te aanvaar en selfs daaroor te lag.

- Die individu is in staat om op 'n taak te konsentreer en is nie net behep met persoonlike probleme nie.

- Die individu het goeie, sinvolle verhoudings met minstens enkele ander individue.

- Die individu lewe 'n vol lewe in die sin dat hy belangstel in wat om hom aangaan en insidente intens kan belewe.

- Die individu beskik oor 'n redelike sistematiese en deurdagte lewensbeskouing.

Louw (1990: 157) konstateer voorts dat psigososiale ontwikkeling 'n tydperk van vinnige verandering impliseer. Die individu begin toenemend minder hulpeloos en afhanklik word en word meer onafhanklik namate ryping intree. Liggaamlik verandering, sowel as sosiale- en psigologiese verandering is prominent.

Erikson (1950) soos na verwys in Louw (1990: 157-158) is van mening dat die grondslag van psigososiale ontwikkeling in die eerste twee jaar aangeleer word en voortduur totdat die individu verskille kan waarneem in term van uniekheid, gedragspatrone en temperament.

Die term psigososiale funksionering word vir die doeleindes van hierdie studie soos volg gedefinieer:

Psigososiale funksionering omvat eerstens **positiewe funksioneringsareas** wat uit innerlike interaksie en gedrag bestaan.

Tweedens omvat psigososiale funksionering ook **negatiewe funksio-neringsareas** wat ook uit innerlike interaksie en gedrag bestaan, maar wat van negatiewe funksionering na die positiewe verbeter behoort te word.

Die positiewe funksioneringsareas sluit die konstrukte **bereikingsgerigtheid** en dui die mate aan waartoe die individu georganiseerd, hardwerkend, vol selfvertroue en dryfkrag is. Dit sluit selfmotivering, doelwitformulering, die begeerte om te groei en die aanvaarding van persoonlike verantwoordelikhede in.

Die positiewe funksioneringsarea van die individu sluit ook **tevredenheid** in, wat die benutting van vrye tyd, humor, interaksie met ander en die belewenis van lewensgenot impliseer.

Laastens verwys die positiewe funksioneringsarea van die individu as deel van psigososiale funksionering na **verwagtinge** wat die mate waartoe die individu hoopvol en optimisties oor die toekoms is, insluit.

Die term omsluit ook die belewenis van kalmte, die benutting van geleenthede, die moed om te waag en na ander uit te reik.

Die negatiewe funksioneringsareas van psigososiale funksionering wat verbeter behoort te word, is naamlik **frustrasie**, **spanning** en **hulpeloosheid**.

**Frustrasie** dui op die mate waarin die individu onvergenoegdheid ervaar, asook die mate waartoe die individu verhinder word om doelgerigte aksies as gevolg van omgewingsprobleme voort te sit. Dit omsluit ook die mate waarin lewensaspirasies, woede, irritasie, ongeduld, verbittering en agterdog bestuur word.

**Spanning** omvat die individu se emosies van oorspannenheid, senuweeagtigheid, paniek, oorlading, bekommernis, buierigheid, angstigheid, uitbranding en tot watter mate die individu dit bestuur.

**Hulpeloosheid** dui op die gebrek aan doelgerigte aktiwiteite en volharding, vermyding van sake vanuit 'n negatiewe ingesteldheid en die skep van 'n neerdrukkende atmosfeer. Hulpeloosheid kan ook omskryf word as 'n gevoel van verlies van beheer oor omgewingsfaktore, asook die belewenis van verwerping, swaarmoedigheid, doelloosheid, magteloosheid en eensaamheid (Perspektief Opleidingskollege: Psigososiale Funksionering Inventaris: 2000. Potchefstroom).

### 1.13.7 Professionele begeleier

Professionele begeleier verwys na 'n opgeleide persoon in die gedragswetenskappe wat by 'n beroepsraad geregistreer is en wat individue uit die Maatskaplikewerk, Sielkunde en Opvoedkunde verteenwoordig. Hierdie persoon beskik oor professionele kundigheid wat die somtotaal van die inherente en verworwe eienskappe van opleiding impliseer en ontwikkel is deur opleiding en ervaring in die spesifieke gedragswetenskap.

Professionele kundigheid in maatskaplike werk is die somtotaal van genoemde eienskappe soos dit deur opleiding en praktiese ervaring in die maatskaplike werk ontwikkel is (Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike werk, 1995: 52).

'n Professionele begeleier beweeg gewoonlik in 'n professionele sisteem wat 'n struktuur van instansies soos universiteite, professionele verenigings, beroepsrade en akkrediteringsliggame verteenwoordig (Woordeboek vir Maatskaplike werk, 1995: 52).

## 1.14 Leemtes en probleme wat tydens die studie ervaar is

- Alhoewel die vroeë volwassene uit eie vrye keuse by die Afdeling Studente-ondersteuning kom aanmeld het, moes die voortoets–intervensie–natoets prosedure verduidelik word ten einde toestemming tot deelname te verkry. Hierdie proses kon die respondente meer bewus gemaak het van die bestaan van lewensvaardighede wat die uitkoms kon beïnvloed.

- Dit was 'n moeisame soektog om 'n gepaste gestandaardiseerde meetinstrument te vind wat die relevante konstrukte van die lewensvaardigheids-program kon meet.

- Die aanvanklike voorondersoek naamlik om die lewensvaardigheidsprogram oor twee opeenvolgende dae te implementeer, het tydens die voorondersoek oneffektief blyk te wees. Die tydsduur van die uitvoering van die lewens-vaardigheidsprogram is dus verleng, wat die afhandeling van die navorsing met 'n paar maande verleng het. Tog kon hierdie aanvanklike probleme omskep word in 'n navorsingstudie wat meer wetenskaplik gefundeer was.

- Uit die literatuurstudie het dit geblyk dat **resente** bronne ten opsigte van die beskrywing van die vroeë volwassene nie bestaan nie. Derhalwe moes die navorser van een of twee ouer bronne gebruik gemaak het, veral in hoofstuk 2 waar die wesenseienskappe en behoeftes van die vroeë volwassene beskryf is. Ten spyte van die feit dat ouer bronne in veral hoofstuk 2 gebruik is, word die mening gehuldig dat hierdie bronne waardevol was en dat die inligting steeds relevant en bruikbaar is.

- Tydens bespreking van die bemagtiging van die vroeë volwassene, spesifieke relevante lewensvaardighede en die deurloping van die proses, is daarenteen weer dikwels van die **nuutste** bron van Nelson-Jones (1993 & 1997)gebruik gemaak, aangesien dié outeur se resente werke, direk van toepassing was op die nuwe kennis en lewensvaardigheidsprogram wat tydens hierdie studie ontwikkel is.

  Die navorser kon ook vanuit praktykervaring Nelson-Jones se siening onderskryf. In die literatuurstudie kon dit eensydig geklink het om dikwels van hierdie een outeur gebruik te maak, maar navorser beskou Nelson-Jones huidig as dié kenner van lewensvaardighede.

## 1.15 Indeling van die navorsingsverslag

**Hoofstuk 1:** Algemene inleiding en uiteensetting van die studie.

**Hoofstuk 2:** Vroeë volwassenheid as lewensfase.

**Hoofstuk 3:** Die bemagtiging van die vroeë volwassene deur instaatstellende lewensvaardigheidstrategieë.

**Hoofstuk 4:** Die ontwikkeling van 'n lewensvaardigheidsprogram vir die vroeë volwassene.

**Hoofstuk 5:** Die lewensvaardigheidsprogram vir vroeë volwassenes.

**Hoofstuk 6:** Die navorsingsmetodologie van die studie.

**Hoofstuk 7:** Empiriese bevindinge.

**Hoofstuk 8:** Algemene samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings.